# 'n Held van Amajuba

deur

DR. MARIUS J. SWART

JOHANNES JAKOBUS GROENEWALD, in die omgang as Jan bekend, is op 21 Julie 1858 gebore. Hy was die oudste kind van Wessel Johannes Groenewald, gebore op 22 Oktober 1832, en Magdalena Johanna Uijs, gebore op 12 Januarie 1840.

Jan het saam met sy ouers op Koornplaats in die distrik Volksrust geboer, maar toe die Eerste Vryheidsoorlog uitbreek, het die jong burger hom verplig gevoel om sy land te verdedig. Hy was toe twee-en-twintig jaar oud.

Tydens die Amajubaslag is hy swaar gewond, maar eers op 16 Maart 1881 is hy aan sy wonde oorlede. Sy stoflike oorskot is toe op Koornplaas ter ruste gelê — by dié van sy moeder wat in 1873 op drie-en-dertigjarige leeftyd oorlede is.

Jan Groenewald se getroue agterryer, Maleeuwa Shabangu, het tot in die vierde geslag by hierdie familie in diens gebly en steeds met bewondering van sy lewe en optrede gepraat. Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog het genoemde Maleeuwa weer aan Boerekant gestaan. So byvoorbeeld het hy dikwels en in die geheim briewe tussen die suster van Jan Groenewald, Magdalena Johanna (gebore 25 Junie 1865) en lg. se eggenoot, Andries Bernardus Wessels (gebore 22 November 1862), vervoer. Maleeuwa is eers in 1950 oorlede en was toe reeds in die negentig jaar oud.



*JOHANNES JAKOBUS GROENEWALD*